LARRIES Nuus News

Posbus /PO Box 171
Tzaneen
0850

E-pos / E-mail: lstzn@mweb.co.za
Webwerf / Website: http://www.laerskooltzaneen.com
Tel. 015 307 3601/2
Faks/Fax: 015 307 4656

UIT DIE HOOF SE PEN:

- Inleidend: Nuusbrief nommer 2 van elf vir die tweede kwartaal 2019.
- Akademie: Die Akademiese Spanne vir Graad 4 tot 7 is tydens Dinsdag se weeklikse saalopening aangekondig: Leerders met 'n kwartaalgemiddeld van 80% plus vir Graad 4, 5 en 6 en 75% plus vir vir Graad 7 (die aanvang van die Senior Fase). Einde 2018 se Top 10-kandidate (huidiglik Graad 6 en 7) vertrek Sondag tot Dinsdag 16 April op hul welverdiende opvoedkundige uitstappie na Johannesburg, Pretoria en omgewing. Onthou die belangrike geleentheid vir persoonlike kontak met die onderwysers oor die vordering van jul kind(ers) tydens eerskomende Woensdag (17 April) se kwartaallikse oueraand vanaf 17:00 tot 18:30.
- Sport:
- Netbal: Tydens Maandag Limpopoproewe te Pietersburg Hoërskool is twee onder 13's en 4 onder 12's verkies tot die Limpopospanne. Verlede Vrydag moes die onder 10-, 11-, 12- en 13 A-spanne kort voor Secunda omdraai vir verlede Saterdag se uitspeelwedstryde in die jaarlikse Super 12-kompetisie, weens die welkome landwye reëns. Op Woensdag (10 April) het dieselfde spanne na skool na Pretoria gereis vir die finale van hierdie kompetisie te L.C. de Villiers, Universiteit van Pretoria op Donderdag. Weens die uitreën van die groepwedstryde het alle wedstryde op vriendskaplike voet plaasgevind sonder enige medaljes of trofees. Dit het baie goed met die Larries gegaan. Eerskomende Dinsdag (16 April) word die eerste ligawedstryde van die seisoen hier tuis teen Unity Primary School gespeel.
- Rugby: Soos by die netbal het die onder 9-, 10-, 11 A- en eerstespanne se jaarlikse Super 12-uitspeelwedstryde te Secunda verlede Saterdag uitgereën en moes die busse omdraai. Die onder 9 A's het Woensdag na skool na die finale te TUKS vertrek en die res vroegoggend op Donderdag vir die finale wat vriendskaplik beslis is. Die Larries het puik vertoon en mooi uitslae behaal. Aanstaande week vind die eerste ronde proewe, die Kringproewe, vir die uiteindelike kies van die onder 12- en 13-Limpopospanne plaas.
- Hokkie: Die Limpopo onder 12- seuns en dogters oefen vanmiddag te Unicorn en die onder 13's môre te Pietersburg. Die onder 12-seuns oefen weer aanstaande Woensdag (17 April) te Unicorn.
- Kultuur:
- Skaak: Die hervatting van Woensdagmiddae se oefeninge is vandeesweek gekommunikeer. Motiveer moontlike "skaakmeesters" om hierby in te skakel. Ons neem ook hierin met 'n span aan die jaarlikse Super 12-kompetisie deel.
- Kore: Die jaarlikse Super 12-fees lê net om die draai en behalwe twee geskeduleerde oefeninge per week gedurende skoolure, is daar 'n vanmiddag 'n langmiddagoefening tot 16:00.
- Finansies:
- Skoolgelde: Verseker dat u skoolgeldverpligtinge (skoolfonds, adminfooi, naskoolsentrum- en koshuisgelde) getrou op datum gehou word ten einde die verleentheid van swartlysting en/of oorhandiging aan die skool se skuldinvorderingsprokureurs te verhoed. Kom tref gerus reëlings in hierdie verband voordat dit te laat en die verskuldigde bedrag buitensporig is.
  - Algemeen:
  - Sluitkaste: Al 60 die beskikbare sluitkaste is nou uitverhuur en die skoolbestuurspan sal die moontlike uitbreiding van die diens verder ondersoek. Dis belangrik dat kennis geneem sal word dat leerders slegs voor en na skoolure en tydens pouses toegelaat sal word om by hul sluitkaste te kom.
  - Jaarblad: Selfs nog 'n beter en dikker jaarblad is in die pyplyn en met die kosprys wat noodwendig tot R 170 elk

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- verhoog moet word, bied ons die geleentheid aan ouers om dit reeds van nou af in maandelikse paaiemente aft e betaal tot aan die einde van Oktober.
- Verlore Super 12-uitgawes: Die Skoolbestuur en Skoolbeheerliggaam is weldeeglik bewus van die nypende sosio-ekonomiese omstandighede ook vir die ouers van ons gemeenskap en jammer vir die kostes weens die onvermydelike uitstel van verlede naweek se uitspeelwedstryde in netbal en rugby. Die groot huurbus het geloop en daardie R 30 000 moes betaal word en ons kon gelukkig 33% van die ongebruikte akkommodasie verhaal. Daarom is besluit om dit terug te ploeg in ons ouers se uitgawes en is die bedrae vir die kinders wat vandeesweek in Pretoria oorgeslaap het en die wat vroegoggend eers soontoe is, se fooie onderskeidelik verlaag in ooreenstemming met die herwonne bedrag.
- Paasnaweek: Met die oog op die komende lang langnaweek en die inagneming van verkeersdrukte, sluit die skool eerskomende Donderdag (18 April) reeds om **11:00**.

- *Introductory: Weekly newsletter number 2 of eleven for the second term of 2019.*
- *Academics: The Academic Teams on grounds of the top averages for the first term in Grades 4 to 7 (Grades 4, 5 and 6 is 80% and higher, Grade 7 is 75% and higher) were announced during the hall assembly on Tuesday. Achievers according to the old system of Top 10 Achievers at the end of 2018 (currently in Grade 6 and 7) will depart for their educational excursion to Johannesburg, Pretoria and surrounds on Sunday until Tuesday (16 April). Remember the opportunity for personal contact with the teachers regarding the progress of your child(ren) during the quarterly parents evening scheduled from 17:00 till 18:30 on next Wedenesday (17 April).*
- *Sport:*
- *Netball: At the Limpopo trials at Pietersburg Hoërskool on Monday four under 12's and two under 13's were selected for the Limpopo teams. On last Friday the under 10, 11, 12 and 13 A's had to turn back just before Secunda for the annual Super 12 play-offs there on Saturday due to the welcome countrywide rains. On Wednesday the same teams left for Pretoria for the Super 12 finals at L.C. de Villiers Sports Grounds, University of Pretoria yesterday. Due to the cancellation of the group matches all matches were of friendly nature with no medals or trophies awarded. The Larries did exceptionally well. On coming Tuesday (16 April) the first league matches for the season will be played against Unity Primary School here at home.*
- *Rugby: As with the netball the under 9, 10, 11 and first teams who left for the Super 12 play-offs at Secunda last Friday, had to turn round. The under 9's left for Pretoria after school on Wednesday for the finals at TUKs yesterday, while the other teams departed in the early morning hours of yesterday. The Larries managed proud results. The first round to eventually select the Limpopo teams for under 12 and 13's, the Circuit Trials, are scheduled for next week.*
- *Hockey: The Limpopo under 12 boys and girls teams are practicing at Unicorn this afternoon and the under 13's at Polokwane tomorrow. The under 12 boys have another practice session at Unity on next Wednesday (17 April).*
- *Culture:*
- *Chess: The continuation of Wednesday afternoon practice sessions were communicated during the week. Please motivate possible "chess masters" to join in. We also compete at Super 12 level with a team in this code.*
- *Choirs: The annual Super 12 festival is just around the corner and although practices are scheduled during school hours twice a week, a long afternoon session is taking place until 16:00 this afternoon.*
- *Finances:*
- *School fees: Ensure that your obligations in this regard are a priority and kept up to date (admin fees, school fees, hostel fees and after school care centre fees) to prevent blacklisting and/or being handed over to the school's debt collectors.*
- *General:*
- *Lockers: All 60 of the available lockers are now in use and the School Management will keep a close eye on the possible extension of this service. Locker holders are only allowed access to their lockers before and after school hours and during break times.*
- *Year book: An even better and thicker year book is planned for this year and with the compulsory rise in cost to R 170 each, parents will have the opportunity to pay it off in easy payments up to the end of October.*
- *Lost Super 12 expenditure: Only 33% of last week's unused accommodation fees could be recovered (the rental bus cost of R 30 000 had to be paid as it did travel). Keeping the difficult social economic scenario for the parents*

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

in our community in mind, this was deducted from the costs for Wednesday and Thursday's Super 12 groups

- *Easter weekend: Keeping possible heavy and congested traffic in mind, it was decided to close the school **11:00** on next Thursday (18 April) before the start of the long long weekend.*

LEVEL 1 SWEMKAMPIOENSKAPPE / SWIMMING CHAMPIONSHIPS

Die Vlak 1 Suid-Afrikaanse Swemkampioenskappe het plaasgevind in Nelspruit op Saterdag, 16 Maart. Ciska Ferreira van Laerskool Tzaneen het deelgeneem en 'n silwer medalje losgeswem in die 100m Rugslag item. Sy het ook aan vyf ander items deelgeneem en baie goeie tye behaal. Ciska, die Larries is baie trots op jou!

The Level 1 South African Swimming Championships took place in Nelspruit on Saturday, 16 March. Ciska Ferreira from Tzaneen Primary School participated and won a silver medal in the 100m Backstroke event.

She also swam in five other events and achieved very good times. Ciska, the Larries are very proud of you!

LEVEL 2 SWEMKAMPIOENSKAPPE / SWIMMING CHAMPIONSHIPS

Die Level 2 swemkampioenskappe het van 3 – 5 April in Polokwane plaasgevind. Sewe Larries het deelgeneem en baie mooi uitslae is behaal.

Jané Auret (11) swem in sewe finale en ontvang 'n brons medaljes in die 50 en 200m Vryslag asook silwer medaljes in die 100m Vlinderslag en 100m Vryslag.
Christo Ferreira (13) swem in twee finale en behaal 'n agtste plek in die 50m Rugslag.
Joszua Joubert (12) swem in sewe finale en behaal 'n vierde plek in die 50m Vryslag.
Adelia Schonken (12) swem in ses finale en verdien 'n bronsmedalje in die 100m Borsslag.
Simoné Schonken (10) swem in die finaal van die 50m Vlinderslag en behaal 'n negende plek.
Christiaan van Vuuren (9) behaal 'n agtiende plek in sy uitdun van die 100m Rugslag.
Armand Theron (10) behaal 'n sewentiende plek in sy uitdun van die 50m Borsslag.

The Level 2 swimming championships took place in Polokwane from 3 - 5 April. Seven Larries participated and very good results were achieved.

***Jané Auret** (11) swam in seven finals and received a bronze medal in the 50 and 200m Freestyle as well as silver medals in the 100m Butterfly and 100m Freestyle.*
***Christo Ferreira** (13) swam in two finals and takes eighth place in the 50m Backstroke.*
***Joszua Joubert** (12) swam in seven finals and takes fourth place in the 50m Freestyle.*
***Adelia Schonken** (12) swam in six finals and earns a bronze medal in the 100m Breaststroke.*
***Simoné Schonken** (10) swam in the final of the 50m Butterfly stroke and achieved a ninth place.*
***Christiaan van Vuuren** (9) achieved an eighteenth place in his heat of the 100m Backstroke.*
***Armand Theron** (10) achieved a seventeenth place in his heat of the 50m Breaststroke.*

LEVEL 3 SWEMKAMPIOENSKAPPE / SWIMMING CHAMPIONSHIPS

Die Suid-Afrikaanse Streek "Level 3" Swemkampioenskappe het plaasgevind by die Delville swembad in Germiston van 28 tot 31 Maart.

Vier Larries het gekwalifiseer om deel te neem. Ons is baie trots op Jason Bosman (brons medalje in die 200m Individuele Wisselslag), Elné Haynes, Katlego Hoaeane en Larike Joubert wat deelgeneem het.

Foto 10: Katlego Hoaeane, Elné Haynes, Larike Joubert en Jason Bosman.
Foto 11: Jason Bosman

The South African Regional Level 3 Swimming Championships took place at the Delville swimming pool in Germiston from 28 to 31 March.

Four Larries qualified to participate. We are very proud of Jason Bosman (bronze medal in the 200m Individual Medley), Elné Haynes, Katlego Hoaeane and Larike Joubert who participated.

Larrieland / Larrie Land

Larrieland Graad R Afrikaans en Engelse inskrywings vir 2020 is oop en sluit 31 Mei 2019. Die huidige fooie as volg is: ½dag R1280 voldag R1980.

Larrie Land Grade R Afrikaans and English enlistings are open and close 31 May 2019. Current fees are: ½day R1280, full day R1980.

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

Akademiese Span / Academic Team

Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7
KARLA MAREE	IZELRI THERON	EUNÉ POHL	SUMARI VORSTER
EDDIE MOSTERT	KUDA MUTADZA	SAGWATI MTEBULE	MEGAN-LEE MANS
CARMÉ LOUW	MARNU DUVENHAGE	ETHAN BRONKHORST	MELINÉ ROUX
COHEN DREYER	SIMONÉ SCHONKEN	KRISTI DE JAGER	LARA PIETERSE
ZENÉ DE JAGER	AMORÉ DUVENAGE	CHANÉ GOUWS	LARIKE JOUBERT
ANCHEN HUMAN	MINÉ DU PLESSIS	WIHAN VAN EEDEN	SHANE VAN DEN HEEVER
SCHALK ROSSOUW	DESTINY CASSIDY	JANA PRINSLOO	KAYLA ROOS
MJ POHL	MIA BRUWER	KAITLYN FERREIRA	CHANE ESMERALDO
PAUL KRUGER	RIAN BOTHA	ISABEL HOMAN	JANÈ TOERIEN
RIGHARDT ERASMUS	MIA VENTER	SHARICE SMITH	ADELIA SCHONKEN
ROELIEN JANSEN VAN RENSBURG	RIKUS DE KOCK	LOURENS KRIEL	MIYA HAASBROEK
ZAINAB WAJAH		JANÉ AURET	RYNO SCHULTZ
VICKY MAARTENS		DIMPHO RAMOTHWALA	ATIYA WAJAH
LINÉ BRITS		KATIE VAN ZYL	MARLI DREYER
SEKEDI RAOLANE		GIHON VAN RENSBURG	EUGENE DU PLESSIS
THABILE TSHEHLA			SEHAR MALIK
JESSICA COMPAAN			MINANDI SCHALEKAMP
LEILAH NZADI			LANÉ KRUGER
VERNÉ BOSHOFF			WILLANÉ VAN NIEKERK
RIXILE PROVIDENCE KHOSA			ALUSKA ZAAYMAN
ANJE VENTER			KYRA VAN DER VYVER
EDUARDO VENANCIO			TINIEKE OPPERMAN
ANJA O'CONNELL			RUBEN VENTER
CHRISTIAAN JANSEN VAN VUUREN			ANRE CRONJE
MEA HERFURTH			MIEKE VAN WYNGAARDT
			MICHELLE MAARTENS
			WJ BOTHA
			ZANJA FOX
			ZILMARI VAN ROOYEN
			RISIMA KHOSA
			CHRISTO FERREIRA
			CARLO MOLLER
			BIANCA FOURIE
			CHRISTIAAN DE BEER
			VERNON CLEMENTS
			LATRICIA MUCHABI
			ZENNI MAC CONNEL
			RIWAN VAN DER MERWE
			NATALIE OLIVIER
			BRIGETTE COMBRINK

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood